# INDIKATIEF EN PARAKLESE IN DIE VERKONDIGING MET TOELIGTING UIT DIE PASTORALE BRIEWE [1]

C.J.H. Venter
Departement Diakoniologie
Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys
POTCHEFSTROOM

Abstract

*INDICATIVE AND PARACLESIS IN PROCLAIMING THE GOSPEL, ILLUSTRATED FROM THE PASTORAL EPISTLES*

*Having defined the terminology indicative, paraclesis and proclaiming the gospel as used in this article, attention is focused on two main issues to be investigated in this article. The first issue is aimed at determining the main results of recent research in respect of the relation and functioning of indicative and paraclesis in the field of a selection of studies from the New Testament, Ethics, Pastoral science and Homiletics.*

*Secondly a separate investigation on the relation and functioning of indicative and paraclesis in three pericopes from the Pastoral Epistles is undertaken, on the one hand as a test of the results in recent research on indicative and paraclesis, and on the other hand to determine whether these pericopes shed new light on the problem of indicative and paraclesis, especially for proclaiming the gospel.*

*Finally the main conclusions are summarised in certain key statements in which the practical implications for proclaiming the gospel are also indicated.*

## 1. BEGRIPSOMLYNING

Voordat by die probleemstelling en behandeling van bepaalde begrippe gekom word, is dit nodig om nader aan te dui wat onder dié begrippe - soos onder andere in die titel aangedui - in hierdie artikel bedoel word.

[1] Prof. C.J.H. Venter se artikel is 'n verwerking van 'n referaat wat gedurende Julie 1989 tydens 'n Winterskoolkursus van die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO onder leiding van prof. J.C. Coetzee aangebied is. Hierdie referaat het as inleiding tot die kursus gedien.

## 1.1 Indikatief

Die begrip *indikatief* is inderdaad 'n grammatikale term wat in teologiese besinning gaandeweg, saam met die begrip *imperatief* 'n tegniese term geword het (vgl. Beker, 1980:225, Ladd, 1979:524, Labuscagne, 1981:3, Floor, 1974:7-9). Vir die doeleindes van hierdie besinning word met indikatief bedoel " ... het heilswerk Gods in Christus door de Heilige Geest ..." (Ridderbos, 1966:280). Nog nader aangedui, sou gestel kon word dat indikatief hier 'n vasstaande werklikheid aandui, naamlik Wie God is, wat Hy doen en wat Hy vir ons en in doen (vgl. Labuscagne, 1981:3).

## 1.2 Paraklese

Die uitdrukking wat normaalweg in teologiese literatuur saam met die term *indikatief* gebruik word, is *imperatief.* Vir hierdie artikel word die terminologie indikatief en paraklese[2] gekies. Met die gebruik van die begrip *paraklese* word hier aangesluit by die gebruiksveld van dié begrip in die Nuwe Testament. Veral vier gebruiksvelde kan vir dié begrip onderskei word (Schmitz, 1954:790), naamlik om biddend te versoek, om troostende bystand te bied, om te vermaan, en vertroosting as aksie van God of as daad van mense (vgl. ook Malherbe 1986: 122-134). In die gebruik van die begrip *parakaleo* onderskei Louw en Nida (1988, II:185) ook vier gebruiksvelde, waarvan drie in dieselfde semantiese veld lê, naamlik: om ernstig te versoek, om uit te nooi en om byeen te roep. Die vierde gebruiksveld, naamlik om te bemoedig, word semanties afsonderlik geplaas.

Vir die doeleindes van hierdie artikel word gefokus op gebruiksveld een (om ernstig te versoek of te vermaan) en vier (om te bemoedig).

Dit is verhelderend dat Louw en Nida (1988, I:407-409) *parakaleo* (in die eerste gebruiksveld) plaas tussen die direk aangrensende velde van: *versoek* of *vra* enersyds en *bid* andersyds. Dit is eweneens veelseggend dat die vierde gebruiksveld van *parakaleo*, naamlik *bemoedig*, geplaas word tussen die direk aangrensende begrippe, naamlik die aksie van lag of huil enersyds en die aksie van moed skep andersyds.

Juis om te poog om reg te laat geskied aan die dubbele nuanse van vermaning en bemoediging, word hier vir die begrip *paraklese* gekies. Saamgevat: vir die doeleindes van hierdie artikel word onder *paraklese* verstaan die vermanend-bemoedigende aksie

[2] Die begrip *paraklese* word meer indringend verklaar deur Coetzee (1989).

wat onlosmaaklik verbind is met en voortvloei uit die indikatief van die werk van God Drie-enig.

### 1.3 Verkondiging

Die begrip *verkondiging* word hier in 'n wyer sin gebruik as net prediking in die erediens. Dit omvat hier ook die verkondigingsgestaltes van Pastoraal en Kategese.

## 2. INDIKATIEF EN PARAKLESE IN DIE VERKONDIGING - PROBLEEMSTELLING

In die kern kan die probleemstelling wat nou aan die orde gestel word, soos volg omlyn word:

* Wat is die huidige stand van navorsing oor die funksionering van indikatief en paraklese in die teologie, veral toegespits op die verkondiging?
* Hoe funksioneer indikatief en paraklese in die Pastorale Briewe en watter riglyne bied dié funksionering vir die verkondiging in bogenoemde drie verkondigingsgestaltes?

## 3. INDIKATIEF EN PARAKLESE IN DIE VERKONDIGING - 'N VERKENNING VAN DIE HUIDIGE STAND VAN NAVORSING - 'N SELEKSIE VAN OUTEURS

### 3.1 Op die vlak van die Nuwe Testament

Die bydrae van Ridderbos (1966:279-284) kan in die volgende hoofmomente beskryf en saamgevat word: die verhouding en funksionering indikatief-imperatief[3] besien hy vanuit die gesigspunt van die nuwe gehoorsaamheid op grond van die werk van God Drie-enig vir ons en in ons. Die insnydingspunt is die sterwe en opstanding van Jesus Christus en die heilshistories-eskatologiese betekenis daarvan vir die gelowige. Omdat die gelowige *in* Christus is, het hy vir die sonde gesterf en kan hy daarom opgeroep word om die sonde te ontvlug. "De heilsindicatief van het sterven en opstaan met Christus is van de imperatief van de strijd tegen de zonde niet te scheiden" (1966:280).

[3] Waar outeurs in literatuur die terminologie *indikatief* en *imperatief* gebruik, word in die weergawe en in die beoordeling van hulle standpunte by hulle terminologie gehou.

Voorts funksioneer en realiseer die indikatief en imperatief langs die weg van die ware geloof: dit is naamlik gerig op die reseptiewe en aktiewe dimensies van die geloof.

Vervolgens wys Ridderbos op die kritieke funksie van die imperatief in die skema indikatief-imperatief. Die kritiese funksie hou in dat wat toegesê word in die indikatief, realiseer langs die weg van - nie op grond van nie - die nakoming van die imperatief. As die imperatief nie nagekom word nie, geld wat in die indikatief belowe is ook nie. Hierdie standpunt moet nie aktualisties vertolk word nie, dit wil sê dat God se indikatief gekanselleer word indien die imperatief nie nagekom word nie. Indikatief en imperatief funksioneer juis binne die kader van gawe en opgawe. Die gebod op grond van God se indikatief lei tot die gebed om krag en toerusting van die Heilige Gees om die gebod na te kom.

Die imperatief rus konsekwent in die indikatief. Hierby omvat beide indikatief en imperatief die dimensies van *reeds* en *nog nie*. Die imperatief kan op grond van die *reeds* (indikatief) alles vra en terselfdertyd vanweë die *nog nie* opgeroep word tot stryd teen die sonde en gebrokenheid in hierdie *nog nie*-bedeling.

Die volgende kritiese vraag kan wel gestel word ten opsigte van Ridderbos se hantering van die skema indikatief en imperatief: laat hy genoegsaam ruimte vir die belofte-aspek binne die funksionering indikatief en imperatief of inkorporeer hy die belofte-aspek by die indikatief?

Die bydrae van G.E. Ladd (1979:524-525).

Ladd se bydrae in die uiteensetting indikatief en imperatief lê hoofsaaklik in sy aanduiding dat dié skema binne die kader van die eskatologie (in besonder die *reeds* en die *nog nie*) geplaas moet word binne die *etiek* van die Christelike lewe. Hy behandel Romeine 12:1-1 in hierdie verband en toon dat slegs 'n "nuwe gees" die wil van God kan vasstel en uitleef. Krities moet gestel word dat Ladd se behandeling van die verhouding indikatief en imperatief nie die diepte vertoon van byvoorbeeld dié van Ridderbos nie. Sy eksplisiete aanduiding van 'n moontlike belofte-aspek in die funksionering indikatief-imperatief ontbreek ook.

Die bydrae van J.C. Beker (1980:255-256)

Dié outeur behandel indikatief en imperatief binne die kader van die gawe en opgawe van verlossing. Hy toon aan hoe Paulus die indikatief en imperatief hanteer as hy die

evangelie aan Joodse Christene of Hellenistiese Christene verkondig. In 'n Hellenistiese opset, byvoorbeeld, beklemtoon Paulus die imperatief meer, en in 'n Joods-Christelike opset beklemtoon hy die indikatief meer. "Jewish Christians must hear the indicative of the eschatological 'now' of God's intervention in Christ ... On the other hand Hellenistic Christians must be alerted to the 'imperative' of Christian life ..." (Beker, 1980:255). Dit is opvallend dat Beker op skerpsinnige wyse ook aandag wy aan die belofte-aspek in die funksionering van indikatief en imperatief. Die imperatief rus nie net in die indikatief van die Christusgebeure nie, "but can also be grounded in the final triumph of God; for example: The night is far gone, the day is at hand. Let us therefore cast off the works of darkness and put on the armor of light" (Rom. 13:12). (Beker, 1980:255-6.)

Wat die Suid-Afrikaanse toneel betref, word twee outeurs se besinning op die vlak van die Nuwe Testament oor die tema *indikatief en imperatief* kortliks in behandeling geneem.

Floor (1974:7-17) neem as 'n vertrekpunt die funksionering van die indikatief en imperatief in die dekaloog en toon voorts ook die funksionering aan in die prediking van Johannes die Doper, Jesus, Paulus en in die geskrifte van Johannes. Hy beklemtoon ook die kardinale plek van die Heilige Gees in die aksie van gehoorsaamheid aan die imperatief.

Wat besonder verdienstelik beskou moet word, is Floor se wyer behandeling van die funksionering indikatief en imperatief. Meermale word die behandeling hiervan in literatuur beperk tot kardinale plekke in Paulus se briewe. So toon Floor weliswaar aan dat die sentrale indikatief by Paulus die opstanding en wederkoms van Christus is (1974:11), maar ook dat die sentrale indikatief by Johannes die inwoning van die Heilige Gees in die hart van die gelowige is (1974:15).

Lategan (1984:323-324) neem die vraagstuk indikatief en imperatief in behandeling as onderdeel van die Pauliniese "etiek". Sy bydrae lê in besonder daarin dat hy stel dat die samehang indikatief en imperatief die struktuur van die Romeinebrief in sy geheel bepaal (1984:324). Voorts toon hy aan dat insig in die verhouding indikatief en imperatief 'n sleutel bied vir die skynbare dilemma by Paulus, naamlik dat enersyds gestel word dat die gelowige vry is van sonde en dood (Rom. 8:2), en andersyds dat die gelowige tog ook vermaan word om nie volgens sy sondige natuur te lewe nie (Rom. 8:12). 'n Teenstrydigheid ontstaan as geregtigheid hier gesien sou word as algemene etiese ideaal wat die mens moet najaag. Geregtigheid het egter te doen met die eska-

tologiese situasie van die mens voor God (1984:324). Juis daarom kan gestel word: omdat die gelowige van sonde bevry is deur God se geregtigheid, kan hy teen die sonde stry.

### 3.2 Op die vlak van die Etiek

Hier word na twee eksponente verwys ten opsigte van besinning oor indikatief en imperatief op die vlak van die Etiek. Onder die opskrif "Paul: Faith active in love", fokus Furnish - vanuit etiese hoek - op Romeine 12-13 en neem hy Romeine 12:1-2 as vertrekpunt vir sy etiese besinning. Duidelik stel hy die samehang tussen indikatief en imperatief vir die Etiek "(t)he presupposition of these chapters is that those addressed are participants in the new creation effected by God's redemptive love and are thereby called to put their lives at his disposal" (1972:103; vgl. ook 1986:263-265).

Op dieselfde vlak lê die besinning van Ortkemper (1973:85-89 en 1980:1-17). Vanuit eksegetiese werk probeer dié outeur kom tot 'n beoordeling van Romeine 12 en 13 vir die Etiek. In sy beoordeling toon hy die kardinale plek aan van die funksionering van die indikatief en imperatief vir die Etiek.

### 3.3 Op die vlak van Pastoraal

Besinning oor die aspek *vermaning-bemoediging* is tans opnuut weer aan die orde in wetenskaplike werk op die vakgebied Pastoraal. Hierin vervul besinning oor die indikatief en imperatief uiteraard 'n kardinale rol.

Uit meer moontlikhede word hier twee lyne van denke onderskei: in die een lyn word vermaning onderbeklemtoon en in die ander lyn van denke word vermaning oënskynlik eensydig beklemtoon.

Die eerste lyn van denke loop vanaf Hiltner (1949:30 e.v.). Hy wou die Amerikaanse *client-centered* terapie van C. Rogers vir die pastoraat toeganklik maak. In hierdie proses word die stelsel van Rogers oorgeneem sonder primêre beoordeling en besinning vanuit die Skrif oor die grondslae van die pastoraat (vgl. Burger, 1974). In die terapie van Rogers is geen plek vir paraklese nie, alleen vir objektivering deur terugspieëling van die kliënt se gevoelens. Die konsekwensie is dat in die stelsel van Hiltner feitlik geen plek vir vermaning (en by implikasie vir die funksionering indikatief en paraklese) gelaat word nie.

Hierteenoor staan die denke van J.E. Adams wat in sy *nouthetic counseling* die pastoraat hoofsaaklik deur die tregter van konfrontrasie wil giet. *Nouthetic confrontation* het basies drie elemente: 'n lidmaat se probleem moet na sonde herlei word; die probleem van 'n lidmaat moet Bybels geïnterpreteer word en hy moet daarmee gekonfronteer word met die opdrag tot verandering (Adams, 1970:44-46; vgl. Hielema, 1975:170-183). Dit skyn asof in dié stelsel eensydig op die imperatief gefokus word met òf nalating òf stilswyende veronderstelling van die indikatief.

### 3.4 Op die vlak van die Homiletiek

Deur die jare heen het die aspek van vermaning in die prediking 'n onderwerp van ernstige diskussie gebly. Die vraag na die vertrekpunt of grond van vermaning in die prediking bly aktueel. Die blote gebruik van begrippe soos *assuransieprediking* en *moralisme* bring reeds sy besinning oor die funksionering - of skeeftrekking - van die verhouding indikatief en imperatief.

Die diskussie oor paraklese in die prediking strek reeds van die tyd van Calvyn (1956:296) wat gestel het dat die prediking van die wet nooit kan geskied sonder die inleidende aankondiging "Ek is die Here jou God" nie.

In die huidige diskussie rondom vermaning in die prediking word in die besonder gefokus op die samehang tussen indikatief en paraklese.

'n Seleksie outeurs se siening (met die fokus op die jongste literatuur) word hier aangebied.

Labuscagne (1981:92-93) kom na ondersoek tot die volgende konklusies in verband met die verhouding indikatief en imperatief in die prediking: dié verhouding raak die wese van die prediking; dit raak die Subjek (God) en die objek (die gemeente) wat al meer moet word wat hulle in Christus is. Voorts raak die verhouding indikatief-imperatief ook die doel van die prediking, naamlik om die gemeente te laat word wat hulle is, dit raak ook die kommunikasie in die prediking in dié sin dat God vanuit die sentrale indikatief - wie Hy is en wat Hy doen - met ons kommunikeer, ons vermaan en bemoedig. Labuscagne kom tot die finale gevolgtrekking dat waar die indikatief en die imperatief noukeurig vasgestel en gebalanseerd verkondig word in die prediking, daar sal die prediking werklik gesagvol, effektief en tot eer van God wees.

Van der Walt (1985:60-61) betrek die funksionering indikatief en imperatief as 'n hermeneutiese komponent in die proses van preekmaak. In die proses van preekmaak onderskei hy die komponente van God se selfopenbaring, doelwitte in die preek, formulering van 'n tema en dan die funksionering van die indikatief, imperatief en belofte in die preek. Ten opsigte van die funksionering indikatief en imperatief in 'n bepaalde preekteks, moet vasgestel word hoe die indikatief, imperatief en belofte in die teks weergegee word, dit wil sê, in watter woorde, gedagtelyn en in watter verhouding tot mekaar. Vervolgens moet bepaal word hoe indikatief, imperatief en belofte die mense in daardie tydsgewrig in hulle situasie aangespreek het, en laastens moet die vraag gestel word wat in die werking indikatief-imperatief die ewig-blywende is wat na die gemeente oorgedra moet word.

Die waardevolle van dié bydrae is dat 'n "preeksisteem" ontwerp word en dat binne dié sisteem indikatief en imperatief 'n regmatige plek ontvang en dan veral om die eensydigheid van òf werkheiligheid òf gearriveerdheid in die prediking te voorkom.

Coetzee (1985:18) omskryf indikatief, as wesenselement van die prediking, as God se skepping, onderhouding en genadige verlossing in die tyd en sy regverdige oordeel (straf) in die tyd. Voorts toon Coetzee (1985:19) aan dat God se imperatief op drie basiese fondamentstene rus, naamlik dat God Skepper is, dat Hy genadige Onderhouer is en dat Hy 'n genadige en oneindig liefdevolle Vader is. Die besondere sinvolle in Coetzee se bydrae lê in die eksplisiete formulering van die *belofte*-element in die skema indikatief-imperatief-belofte. Coetzee toon aan (1985:20-21) dat die belofte-element 'n dubbele kant het wat in die prediking nie verontagsaam mag word nie. Die belofte funksioneer *hoop*wekkend en *skrik*wekkend - hoopwekkend vir die verloste gelowige en skrikwekkend vir die volhardende, verharde ongelowige. Die oordeel as 'n belofte funksioneer skrikwekkend: God *belowe* oordeel, straf en vervloeking net soos Hy seën, vergifnis en ewige lewe *belowe*.

### 3.5 Samevatting

Uit die verkenning van hierdie seleksie van outeurs se bydraes op die vlak van wetenskaplike besinning oor indikatief en imperatief op die gebied van die Nuwe-Testament, van die Etiek, van Pastoraal en Homiletiek, kan nou die volgende samevattende stellings gebied word:

- Indikatief en imperatief moet wyer gesien word en wel as indikatief, imperatief en belofte, waar die imperatief altyd in die indikatief rus.

- Hierdie trilogie funksioneer binne die nuwe gehoorsaamheid langs die weg van die reseptiewe en aktiewe dimensies van die ware geloof.
- Die imperatief binne die skema *indikatief, imperatief* en *belofte* vervul meermale 'n kritiese funksie in dié sin dat, indien die vermaning nie nagekom word nie, geld die beloofde ook nie. Die stelling moet nie aktualisties verstaan word nie, maar binne die kader van gawe en opgawe.
- Die regte visie op en funksionering van indikatief, imperatief en belofte raak die wese, subjek, objek, doel en kommunikasie in alle verkondiging.

## 4. DIE FUNKSIONERING VAN *INDIKATIEF, PARAKLESE* EN *BELOFTE* IN DIE PASTORALE BRIEWE

Met die oog op die ondersoek na die voorkoms en funksionering van indikatief, paraklese en belofte word drie perikope uit die Pastorale Briewe ontleed. Die motivering waarom die keuse op die drie perikope geval het, is dat net 'n voorlopige verkenning van die drie perikope (1 Tim. 1:15-19; Titus 2:11-14 en Titus 3:4-8) al die voorkoms van meermaal herhalende indikatiewe as grond vir paraklese en belofte bevestig. Enkele voorbeelde van sulke uitdrukkings is: "dit is 'n betroubare woord" (1 Tim. 1:15, Titus 3:8), "die reddende genade van God het verskyn (Titus 2:11, Titus 3:4), "barmhartigheid is bewys" (Titus 3:5b).

Sulke indikatiewe is dan telkens die grond vir paraklese wat òf op grond van verkondigingsaksies gerig word (Titus 2:15), òf op grond waarvan 'n bedienaar vriendelik opgeroep word tot die stryd van die geloof (1 Tim. 1:18-19), òf op grond waarvan die gemeente tot goeie werke aangespoor word (Titus 3:8).

Wat die metode van die behandeling van die aangeduide perikope betref, geld die volgende opmerkings

- 'n Gedagtestruktuur van elke perikoop word aangebied waarbinne die indikatiewe gedeeltes met bepaalde merkers aangedui word, so ook die parakletiese gedeeltes met ander merkers. Belofte-aspekte word ook aangedui met sekere merkers.

In die gedagtestruktuurontleding word gebruik gemaak van Louw (1978:99-176; 1979, II:1-31) se metode van redevoeringsanalise soos deur Coetzee (1983:1-4) vereenvoudig en aangepas. Coetzee se uitgangspunt hierin is dat meer op gedagtestruktuur as op

woordeliksformele patrone gekonsentreer moet word " ... omdat dit blyk dat 'n skrywer, naas en bykomend by oppervlaktestruktuurpatrone, soos woordelike parallelismes ... ook (en veral) gebruik gemaak het van ... implisiete gedagtegang-bepaalde struktuurpatrone" (Coetzee, 1983:2).

Prakties kom hierdie metode neer op 'n herskryf van die bepaalde perikoop uit die Pastorale Briewe met telkens in dieselfde reël net een werkwoordstuk of veronderstelde werkwoordstuk met sy komponente. Die voordeel van dié metode is dat 'n beslis identifiseerbare kleiner gedagte-eenheid daargestel word in die plek van die sogenaamde kolon wat nie altyd logies identifiseerbaar geblyk het nie (Coetzee, 1983:2).

** Waar nodig sal ter verheldering aan sekere kernbegrippe meer aandag gewy word.

*** Die aangeduide perikope word ondersoek aan die hand van die volgende indeling:

- Voorkoms en funksionering van indikatiewe
- Voorkoms en funksionering van paraklese
- Belofte
- Praktiese riglyne vir die verkondiging, waaronder prediking, herderlike sorg, kategese.

**4.1 Die perikoop 1 Timoteus 1:15-19**

**4.1.1 Gedagtestruktuur**

15 a <u>πιστὸς ὁ λόγος</u>

b καὶ πάσης ἀποδοχης ἄξιος,

c <u>ὅτι Χριστὸς Ἰησους ἦλθεν εἰς τὸν κόσμον</u>

d <u>ἁμαρτωλοὺς σῶμαι</u>

e ὧν πρῶστός εἰμι ἐγώ,

16 a ἀλλὰ διὰ τοῦτο ἠλεήθην

b ἵνα ἐν ἐμοὶ πρώτῳ ἐνδείξηται Χριστὸς Ἰησοῦς τὴν ἅπασαν μακροθυμίαν,

c πρὸς ὑποτύπωσιν τῶν μελλόντων πιστεύειν ἐπ' αὐτῷ εἰς ζωὴν αἰώνιον.

17 a τῷ δὲ βασιλεῖ τῶν αἰώνων, ἀφθάρτῳ μόνῳ θεῷ,[...]

b τιμὴ καὶ δόξα εἰς τοὺς αἰῶνας τῶν αἰώνων· ἀμην.[...]

18 a Ταύτην τὴν παραγγελίαν παρατίθεμαι σοι, τέκνον Τιμόθεε,

b κατὰ τὰς προαγούσας ἐπὶ σὲ προφητείας,

c ἵνα στρατεύῃ ἐν αὐταῖς τὴν καλὴν στρατείαν,
++++++++++++++++++++++++++

19 a ἔχων πίστιν καὶ ἀγαθὴν συνείδησιν,
++++++++++++++++++++++

b ἥν τινες ἀπωσάμενοι

c περὶ τὴν πίστιν ἐναυάγησαν·

### 4.1.2 Voorkoms en funksionering van indikatiewe

Die indikatiewe (in die gedagtestruktuur aangedui met ----) kom soos volg na vore:

#### 4.1.2.1 In die uitdrukking: "Dit is 'n betroubare woord."

Deur die meeste outeurs word hierdie uitdrukking, wat vyf maal in die Pastorale Briewe herhaal word, as 'n vaste formule beskou (vgl. Guthrie, 1957:65, Barret, 1963:45, Kelly, 1963:54). Calvyn (1972:21) ken aan die uitdrukking 'n pastorale motief toe, naamlik as 'n seël om die sekerheid van die vergewing van sondes in ons harte te bevestig.

Wat die inhoud van die betroubare woord is, word in die volgende indikatief, in 15c, na vore gebring: dat Christus Jesus na die wêreld gekom het om sondaars te red.

Dit is opvallend dat werkwoorde soos ἦλθεν en σῶμαι hier albei in die aoristus staan. Hiermee word die eenmalige, ingrypende, sentrale indikatief van die koms en die reddingswerk van Christus Jesus aangedui. Dié indikatief het juis *sondaars* op die oog, enersyds om geen twyfel te laat oor die skuld van hulle vir wie die indikatief geld nie, maar andersyds ook om die diepste wortel van die indikatief bloot te lê, naamlik Christus Jesus se koms en reddingswerk (vgl. ook Ridderbos, 1967:61).

4.1.2.2

Die ingrypende krag van Christus se reddingswerk word in 'n volgende indikatief nog nader aangedui: "... maar juis daarom was God my genadig ..." (16a). Die begrip wat hier gebruik word, is die werkwoordsvorm (weer eens aoristus!) ἠλεήθην. Die Hebreeuse ekwivalent van die begrip is *chesed* en dié begrip dui juis die neerbuigende goedheid of genade van 'n hooggeplaaste teenoor 'n mindere aan (vgl. Bultmann, 1935:474). Die hart van die indikatief hier is die hoë God wat neerdaal tot sondaars.

Hierdie genadebetoning, hierdie indikatief aan sondaars word egter ook na buite duidelik geopenbaar, tewens die na-buite-openbaarmaking word hier gestel as 'n doel van die betoonde barmhartigheid in die woorde van 16b "... sodat in my as die eerste", dit wil sê, as die sondaar wat voor in die ry staan, "Christus al sy lankmoedigheid sou bewys as 'n voorbeeld vir almal wat in Hom sal glo ..."

Die spitspunt van die indikatief is God se betoning van lankmoedigheid na buite - ἐνδείξηται. Hierdie "betoning" het deur die byvoeging van die voorsetsel ἐν 'n besondere nuanse, naamlik "... the laying of the 'index' finger, as it were, 'on' the subject" (Rienecker, 1980 2:271). Die indikatief word voorts verskerp deur die fyn woordspeling tussen Paulus as die grootste, die voor-in-die-ry-sondaar, en God wat al sy lankmoedigheid betoon. Vir die grootste sondaar geld ook die grootste, dit wil sê al God se lankmoedigheid.

4.1.2.3

Die indikatief van die betoning van God se genade , loop uit op die loflied in 17a en b. Hier word God besing as die Koning van die eeue, die onverderflike, onsienlike,

enigste God. Hier het ons iets van 'n klimaks. Die indikatiewe van wat God *doen* (15c,d, 16a,b,c) loop uit op die indikatiewe lofsang van wie God *is*! Die mees sentrale indikatief in die Skrif, is die indikatief van wie God is: "Ek is wat Ek is" (Eks. 3:14).

### 4.1.3 Die voorkoms en funksionering van die paraklese

Die paraklese - in die struktuurontleding aangedui met + + + +, kom in hierdie perikoop voor in verse 18c en 19a.

Timoteus het sy ampsopdrag ontvang ooreenkomstig die profesieë wat vroeër uitgespreek is. Ampsopdrag en dienswerk is onmoontlik sonder God se indikatief: die ingrypende betoning van sy genade. Die gedagte word deur Paulus verwoord in 1 Timoteus 1:12 en 13: "Teenoor Christus Jesus ons Here is ek dankbaar: Hy het my krag gegee en my betroubaar geag om my in *sy diens te stel*, al het ek Hom voorheen belaster, vervolg en beledig. Maar *God was genadig teenoor my* ...". Hier word dienswerk verbind aan die indikatief van God se genadebetoon. God se genadebetoon is die grond, nie net van Paulus en Timoteus se dienswerk nie, maar ook van die paraklese wat volg in 18c en 19a.

Die doelsin in 18c "... sodat jy daardeur die goeie stryd kan stry ..." het hier die krag en segging van paraklese: omdat God genade betoon het, omdat Hy in sy diens gestel het, word die goeie stryd nie net 'n doel nie, maar ook 'n opdrag. Deur die pleonastiese gebruik van "stryd" - ἵνα στρατεύῃ ἐν αὐταῖς τὴν καλὴν στρατείαν - beide in die werkwoord en as akkusatief van inhoud, word die paraklese enersyds versterk en andersyds word die inhoud en wyse van stryd in die persoonlike geloofslewe (vgl. ook 19a) beklemtoon.

Die praesens deelwoord ἔχων in 19a het ook die krag van paraklese. Dit hou nie net in: terwyl jy vashou aan die geloof en 'n goeie gewete nie, maar ook: hou vas aan die geloof en 'n goeie gewete.

Soos op meer plekke in die Pastorale Briewe loop die indikatiewe van God se genade uit op die paraklese. In hierdie perikoop is die paraklese in die besonder toegespits op die persoonlike geloofslewe en goeie gewete van die bedienaar.

### 4.1.4 Die belofte-aspek

(In die gedagtestruktuur aan gedui met ———— )

Die belofte-aspek word in hierdie perikoop aan die indikatief gekoppel (16b en c). Aan Paulus is ontferming betoon (16a). God bewys aan Paulus alle lankmoedigheid, (16b) juis as voorbeeld vir hulle wat nog in die toekoms in God sou glo tot die ewige lewe. Die deelwoord μελλόντων is hier praesens, maar saam met die infinitief πιστεύειν druk dit 'n duratiewe toekomstige aksie uit (vgl. Rienecker, 1980:2:271). Dus: die betoning van God se genade (indikatief), die voorbeeld-maak van Paulus (indikatief), word hier belofteryk verbind aan die toekoms, in dié sin: die voorbeeld is daar, maar dit sal daar wees *vir hulle wat nog sal glo*. Die belofte is: daar *sal* mense wees wat glo tot die ewige lewe.

### 4.1.5 Samevatting

* Die indikatief kom hier na vore in die uitdrukkings: "betroubare woord", "Christus het na die wêreld gekom om sondaars te red", "genade is betoon".
* Die indikatief funksioneer nie net in wat God doen nie, maar dieper nog in wie God is.
* Die indikatief bied die grond vir die paraklese wat in hierdie perikoop veral gerig is op die persoonlike geloofslewe van die bedienaar.
* Die belofte-element word hier gekoppel aan Paulus as 'n voorbeeld van God se genadebetoon vir hulle wat nog sal glo.

### 4.1.6 Toespitsing op die verkondiging

Homileties

Indien die telos van die indikatiewe in hierdie perikoop nie goed in die oog gehou word nie, naamlik as fundering van die paraklese wat gerig word op Timoteus se dienswerk, sou die imperatief "stry die goeie stryd" heel algemeen en stomp toegepas kon word op sake soos byvoorbeeld stry die goeie stryd in jouself, in jou gesin, in die maatskappy. Wat hier gesê word, hou dus in dat homileties nie alleen gekyk moet word na die skopus en telos van 'n preekteks nie, maar ook na die skopus en telos van indikatief, imperatief en belofte binne 'n preekteks.

Pastoraal

Die woordspeling in die indikatief in 16b, naamlik dat aan Paulus as *grootste* sondaar *al* God se lankmoedigheid betoon is, toon dat God se genade en lankmoedigheid juis in die eerste plek gerig is op sondaars wat hulle sonde besef (vgl. 1 Tim. 1:13 en 14). Toegepas: indien in pastorale begeleiding sonde of skuld versuiker of verbloem word, word die ingrypende van God se groot genade misken. Waar sonde en skuld bely word, is hoop want God se genade en lankmoedigheid is op *sondaars* gerig.

Toegepas op die bedienaar, sou gesê kon word dat hy op grond van ontvange genade en God se lankmoedigheid nie net tot paraklese aan die gemeente geroep word nie, maar dat hy self eers die paraklese moet gehoorsaam, self eers die stryd van die geloof moet stry en aan 'n goeie gewete vashou, anders kan hy dit nie aan die gemeente voorhou nie. Omgekeerd: indien hy nie die paraklese gehoorsaam en vashou aan die geloof nie, ly sy geloof skipbreuk en sink weg.

### 4.2 Die perikoop Titus 2:11-14

#### 4.2.1 Gedagtestruktuur

11 a Ἐπεφάνη γὰρ ἡ χάρις τοῦ θεοῦ σωτήριος πᾶσιν ἀνθρώποις

12 a παιδεύουσα ἡμᾶς

b ἵνα ἀρνησάμενοι τὴν ἀσέβειαν καὶ τὰς κοσμικὰς ἐπιθυμίας

c σωφρόνως καὶ δικαίως καὶ εὐσεβῶς ζήσωμεν ἐν τῷ νῦν α

ἰῶνι,

13 a προσδεχόμενοι τὴν μακαρίαν ἐλπίδα καὶ ἐπιφάνειαν τῆς δόξης τοῦ μεγάλου

θεοῦ καὶ σωτῆρος ἡμῶν Ἰησοῦ Χριστοῦ,

14 a ὃς ἔδωκεν ἑαυτὸν ὑπὲρ ἡμῶν

b ἵνα λυτρώσηται ἡμᾶς ἀπὸ πάσης ἀνομίας

c καὶ καθαρίσῃ ἑαυτῷ λαὸν περιούσιον, ζηλωτὴν καλῶν ἔργων.

15 a Ταῦτα λάλει
\+ + +

b καὶ παρακάλει
\+ + + +

c καὶ ἔλεγχε μετὰ πάσης ἐπιταγῆς·
\+ + + +

d μηδείς σου περιφονείτω.

Uit die gedagtestruktuur word die aandag op die volgende gevestig:

Eerstens, wat die wyer struktuur van Titus 2 betref, moet daarop gewys word dat die klimaktiese opeenstapeling van die drie parakletiese begrippe λάλει, παρακάλει en ἔλεγχε in Titus 2:15 'n herhalingspatroon vertoon met parakletiese opdragte vanaf Titus 2:1. Die λάλει in 1:15 korrespondeer met λάλει in 2:1. Die παρακάλει in vers 15 korrespondeer met παρακάλει in vers 6, terwyl ἔλεγχε in vers 15 inhoudelik ooreenstem met vers 8 waar die paraklese daarop gerig is dat die prediking gesond en onaanvegbaar moet wees sodat die teëstanders niks slegs sal kan sê nie (dit wil sê hulle is op 'n gesonde wyse weerlê).

Hierdie finale, klimaktiese samevatting in vers 15 van drie kernopdragte uit die voorafgaande paraklese van die hoofstuk, verleen 'n dringendheid, 'n "haastigheid" aan die paraklese.

Tweedens word gewys op 'n bepaalde herhalingspatroon in 11 en 13. In 11 word gestel dat die genade van "*God die Verlosser*" aan alle mense "verskyn" het en in 13 word gestel dat die gelowiges wag op "die verskyning" van die heerlikheid "van ons grote God en *Verlosser, Jesus Christus*". Beide God en Christus word hier Verlosser genoem. In die behandeling van die indikatiewe word hierop teruggekom.

### 4.2.2 Voorkoms en funksionering van indikatiewe

Vanuit Paulus se voorskrifte oor die gedrag en optrede van verskillende leeftydsgroepe (Titus 2:2,3,6), ampsdraers (vers 7) en diensknegte (vers 9), gaan hy daartoe oor om sy

voorafgaande opdragte te fundeer in die indikatiewe vanaf vers 11-14. Terselfdertyd bied hierdie indikatiewe ook die fundering vir die paraklese in vers 15.

4.2.2.1 'n Sterk geformuleerde indikatief kom voor in vers 11.

Wat eerstens hier aandag moet ontvang, is dat die *verskyning* van die genade van God ons Redder vooropgestel word. Die werkwoord is in die aoristus en staan met klem voorop. In Hellenistiese Grieks het hierdie begrip onder andere die amptelike besoek van 'n keiser, koning of ander hooggeplaaste aangedui. So 'n besoek het gepaard gegaan met genadebewyse, byvoorbeeld geskenke en vrylating van gevangenes (vgl. Schierse, 1968:165-166). Tog is dit so dat die begrip *verskyning* nooit van God as Persoon gebruik word nie, maar wel van die in-werking-treding van God se genade in Christus (Ridderbos, 1967:279), dit wil sê die aksie en uitvoering van God se heilswerk.

Die spesifieke aanduiding *God, die Verlosser*, word in Paulus se ander briewe nie dikwels gebruik nie maar is in die Pastorale Briewe tipies Paulinies (vgl. 1 Tim. 1:1, 3:3, 4:10, Titus 1:3, 2:10, 3:4). Die verklaring hiervoor is heel waarskynlik dat God, die Verlosser, onderskei moes word van die heersers van destyds wat hulleself ook heiland (verlosser) genoem het omdat hulle gemeen het dat juis hulle vir hulle volke geluk en welstand bring. Daarteenoor staan God, die Verlosser, wat die wêreld met Homself versoen het en so verlos uit die verderf (vgl. Schutz, 1969:22).

In die funksionering van die indikatief in vers 11 kom twee dimensies na vore. Die eerste is 'n totaliteitsdimensie, naamlik dat die genade van God aan alle mense verskyn het. Die tweede is dat die indikatief hier 'n opvoedende of toerustende funksie vervul: die genade voed ons op om 'n goddelose leefwyse te ontvlug en met selfbeheersing, opregtheid en godsvrug in die teenswoordige wêreld te leef (vers 12b,c). Die volgende is opvallend: in Galasiërs 3:14 word gestel dat die *wet* 'n opvoedende (of toesighoudende) funksie het, terwyl hier - as funksionering van die indikatief - gestel word dat die *genade* van God 'n opvoedende funksie het. Dus: gelowiges ("ons") word nie net uit genade gered nie - genade voed ons ook op om die paraklese (vermaning) van die wet te gehoorsaam!

4.2.2.2 'n Volgende indikatiewe element kom na vore in vers 13.

Die gelowige verwag basies twee dinge: enersyds die salige hoop en andersyds die verskyning van die heerlikheid van Christus. Die diepste fondament van die indikatief

in hierdie gedeelte lê in die benaming wat hier vir Christus gebruik word. Hy word hier genoem "ons grote God en Redder, Jesus Christus". Dit is die hoogste naam waarmee Christus genoem kan word. Christus is nie net beklee met Goddelike heerlikheid nie, Hy dra self die naam God en beskik self oor Goddelike majesteit (vgl. Ridderbos, 1967:280; Guthrie, 1973:200).

Die indikatief van wie Christus is, gaan in vers 14 oor in die indikatief van wat Christus doen. Hy het Homself gegee (aoristus), vir eens en vir altyd, om sy volk los te koop van alle ongeregtigheid. Die gebruik van die voorsetsel ἀπό gee 'n intensiverende karakter aan die indikatief: Hy het ons eens en vir altyd , totaal en finaal losgekoop (weg) van die sonde. Die indikatief van *loskoop* loop oor in die indikatief van *reinig*. Die uitdrukking dat Christus vir Homself 'n volk reinig, toon ooreenkoms met Hebreërs 9:14: "Hoeveel te meer sal die bloed van Christus ons *gewete* reinig." Hierdie gereinigde volk is 'n indikatief van God in hierdie wêreld, sy "Gemeinde des neuen Bundes" (Schierse, 1968:167-168).

### 4.2.3 Die voorkoms en funksionering van die paraklese

In die gedagtestruktuur is reeds gewys op die strukturele plek van die drie klimaktiese parakletiese begrippe in vers 15 (punt 4.2.1) en is gestel dat dié drie begrippe 'n finale samevatting is van die totale paraklese in Titus 2.

In Titus 2:15 is daar vervolgens 'n duidelike aanduiding dat die paraklese rus in die indikatief: omdat die genade van God ons Verlosser verskyn het (vers 11); omdat ons die verskyning van die heerlikheid van ons grote God en Redder, Jesus Christus, verwag; omdat Hy Homself vir ons oorgegee het - daarom: verkondig, vermaan, bemoedig en weerlê.

Terselfdertyd moet gestel word dat die gebruik van ταῦτα in vers 15 aandui dat die indikatiewe in Titus 2 nie net die grond vir die paraklese is nie, maar ook die kerninhoud van die paraklese en van alle verkondiging is! Juis die gebruik van *drie* verkondigingsbegrippe bymekaar om hier 'n *volle* spektrum van verkondigingsaksies aan te dui, beklemtoon die indikatief as kern van die verkondigings in sy volle omvang. Of dit nou in hoofsaak preek is, of dit in kern herderlike vermaning is en of dit weerlegging van dwaling is, die inhoud bly die indikatief van God se genadige redding.

### 4.2.4 Die belofte-aspek

Die belofte-aspek kom in Titus 2 voor binne die indikatiewe in vers 13. Wat die gelowige verwag, is nie alleen die verskyning van Christus se heerlikheid nie, hulle verwag eerstens die "salige hoop". Die begrip προσδεχόμενοι, hier in die medium gebruik, dui nie alleen op 'n ywerige verwagting nie, maar plaas die klem ook daarop dat die aksie van verwagting van die gelowige *ywerig* is, juis omdat dit ook *seker* is. Hoop is hier sekerheid - op grond van God se beloftes - oor wat die toekoms gaan bring. Die verwagting van die salige hoop funksioneer hier as 't ware as sekerheid in die hede oor die toekoms.

### 4.2.5 Samevatting

* Die indikatief kom in Titus 2:11-14 na vore in die volgende uitdrukkings: die verskyning van die genade van God ons Redder, en die verskyning van die heerlikheid van ons grote God en Verlosser, Jesus Christus wat Homself oorgegee het en 'n volk vir Hom gereinig het.
* Die indikatief funksioneer opvoedend.
* Die indikatief funksioneer in die belofte-aspek as sekerheid in die hede oor die toekoms.
* Die indikatief is nie net grond vir die paraklese nie, maar ook inhoud van die paraklese.

### 4.2.6 Toespitsing op die verkondiging

Homileties

* Die kernindikatief van alle prediking is die verskyning (= in-werking-treding) van die genade van God in die selfoorgawe van Christus.
* God- en Christusopenbaring moet as sentrale indikatiewe in die prediking funksioneer.
* Die belofte-aspek in die prediking moet sekerheid in die hede oor die toekoms as vertrekpunt hê.
* Indikatief is nie net grond nie, maar ook inhoud van die paraklese in die prediking.

Pastoraal

- Die fundering van alle paraklese rus nooit in die persoonlike gesag van 'n bedienaar nie; ook is die primêre inhoud van die paraklese nooit die situasie van die lidmaat nie, maar altyd: omdat die reddende genade van God verskyn het, mag ek jou vermaan en kan ek jou vertroos.

Kategeties

- Die kategetiese bemeestering van die heilsfeite (reddende genade van God) het nie net 'n verstandelike onderrigdimensie nie, maar ook 'n praktiese dimensie. Hierdie dimensie is daarin geleë dat God se reddende genade 'n katkisant leer (opvoed) hoe om in die werklikheid van die hede wel te leef en hoe om nie te leef nie.

## 4.3 Die perikoop Titus 3:4-8

### 4.3.1 Gedagtestruktuur

4 a ὅτε δὲ ἡ χρηστότης καὶ ἡ φιλανθρωπία ἐπεφάνη τοῦ σωτῆρος ἡμῶν θεοῦ,

5 a οὐκ ἐξ ἔργων τῶν ἐν δικαιοσύνῃ ἃ ἐποιήσααμεν ἡμεις

b ἀλλὰ κατὰ τὸ αὐτοῦ ἔλεος ἔσωσεν ἡμας διὰ λουτροῦ παλιγγενεσίας καὶ ἀνακαινώσεως πνεύματος ἁγίου,

6 a οὗ ἐξέχεεν ἐφ' ἡμᾶς πλουσίως διὰ 'Ιησοῦ Χριστοῦ τοῦ σωτῆρος ἡμῶν,

7 a ἵνα διακιωθέντες τῇ ἐκείνου χάριτι

b κληρονόμοι γενηθῶμεν κατ' ἐλπίδα ζωῆς αἰωςίου.

8 a Πιστὸς ὁ λόγος
— — — —

b καὶ περὶ τούτων βούλομαι
+ + + + + + + + + + + + + + +

c σε διαβεβαιοῦσθαι,
+ + + + + + + + + + +

d ἵνα φροντίζωσιν καλῶν ἔργων
+ + + + + + + + + + + + + + + +

e προΐστασθαι οἱ πεπιστευκότες θεῷ
+ + + + + + + + + + + + + + + + + + + + +

f ταῦτα ἐστιν καλὰ καὶ ὠφέλιμα τοῖς ἀνθρώποις·

Hier word alleenlik op een herhalingspatroon gewys wat ook in die vorige perikoop, Titus 2:11-15, voorkom en behandel is, naamlik dat (in die indikatief) in Titus 3:4, God as Redder aangedui word en in 3:6 word Christus as Redder aangedui.

### 4.3.2 Voorkoms en funksionering van indikatiewe

Vanuit die paraklese in Titus 3:1,2 word in vers 3 gewys op die vorige sondige lewensinstelling en lewenswyse van die gelowige. Hierdie uiteensetting word dan vanaf vers 4-8a gevolg deur 'n aantal indikatiewe en in 8b-f deur paraklese.

#### 4.3.2.1

Die ingrypende betekenis van die indikatief in 4a word beklemtoon deur δὲ: voorheen was die lewenswandel sondig, maar iets ingrypends het gebeur. Die goedheid en mensliewendheid van God, ons Verlosser het verskyn. Die begrip *goedheid* (χρηστότης) dui 'n goedheid *ondanks* aan: ondanks ons onverstandigheid, ongehoorsaamheid en verslaafdheid het God tog onverdiend sy goedheid aan ons betoon. Sy goedheid kry gestalte in sy mensliewendheid. Soos in vorige behandelde gedeeltes dui "verskyn" hier weer eens die in-werking-tree van God se genadebetoon aan.

#### 4.3.2.2

Die indikatiewe in 5a en b word in 'n teëstelling gerangskik. Die nakom van die werke van geregtigheid is 'n *menslike* indikatief. Die Goddelike indikatief van genadebetoon

gaan egter daarbo uit. Die kwalifisering in die indikatief in 5a is "werke van geregtigheid". Lynreg daarteenoor staan die indikatief van God se barmhartigheidsbetoning (ἔλεος) in 5b.

Die wedergeboorte en vernuwing deur die Heilige Gees (5b) moet beskou word as indikatiewe wat voortvloei uit die sentrale indikatief van God se redding. God se redding word ons deel langs die weg van (διά) die wedergeboorte en vernuwing. In die indikatief van wedergeboorte en vernuwing het ons 'n dubbele aanduiding van God se vernuwende werk. *Wedergeboorte* moet hier as 'n heilshistories-eskatologiese indikatief verstaan word. Daarom loop die stelling van wedergeboorte oor in die stelling van die vernuwende werk van die Gees. Die rykdom van dié indikatief van God se genadewerk word verder in vers 6 beklemtoon deur die uitdrukking dat God die Gees *ryklik* oor ons *uitgegiet* het (aoristus! - eens en vir altyd) deur Jesus Christus ons Verlosser.

Die indikatief vertoon in Titus 3:4-6 'n duidelike trinitariese karakter. Dit is God, ons Redder, se goedheid wat verskyn (vers 4). Sy ontferming word onverdiend op ons uitgegiet deur die Heilige Gees (vers 6). Hierdie ryke uitgiet van ontferming vind plaas op grond van (διά) die werk van Jesus Christus (vers 6).

Voorts vertoon die indikatief van die uitgieting van die Gees op ons 'n toerustende karakter. Die Gees word uitgegiet met 'n bepaalde doel, naamlik dat ons - geregverdig deur God se genade - finaal erfgename mag word volgens die *hoop* van die (ewige) lewe. Hierop word nader ingegaan by die belofte-aspek.

Die indikatiewe in Titus 2:4-7 word finaal en klimakties saamgetrek in vers 8 in een van die sentrale indikatiewe in die Pastorale Briewe: dit is 'n betroubare woord. Die bedoeling is hier kennelik dat die voorafgaande indikatiewe as weergawe van die drie-enige God se verlossende genade, 'n betroubare woord is - en so die grond van die paraklese in 8b-f vorm.

#### 4.3.3 Die voorkoms en die funksionering van die paraklese

Die betroubare woord van God se verlossing is die grond van die paraklese, maar tegelykertyd ook die inhoud van Paulus se paraklese aan Timoteus. Dit is juis "hierdie dinge" wat beslis bevestig moet word, waarvan 'n "punt gemaak" moet word om dit tot uitvoer te bring (vgl. Reinecker, 1980:2-310).

Die paraklese vanaf vers 8b is gerig op goeie werke deur gelowiges (na binne) met 'n totaliteitsdoel (dit is voordelig vir *alle* mense). Die lyn van redenering in Titus 3:4-8 moet by die opdrag tot goeie werke in gedagte gehou word. God het verlos. Hy het sy Gees uitgegiet deur Christus. Hierdie genadewerk van God kry nou konkrete gestalte in die lewe van gelowiges deur hulle goeie werke. Andersyds het die goeie werke van gelowiges ook 'n missiologiese motief: dit is voordelig vir *alle* mense. Ons kan dus sê dat die nakoming van die paraklese die indikatief konkreet laat realiseer.

### 4.3.4 Die belofte-aspek

Dié aspek kom na vore in 7b. God het sy Gees deur Christus ryklik op ons uitgegiet sodat ons - nou geregverdigdes - erfgename volgens die hoop van die (ewige) lewe mag word.

Aan hulle wat God vrygespreek of regverdig verklaar het, gee Hy die gawe van sy Heilige Gees met die doel om hulle wat Hy reeds verlos het, van die voleinding van sy werk te oortuig, naamlik dat hulle erfgename is. God het sy volk nie verlos om hulle weer prys te gee aan die mag van sonde en dood nie, maar om aan hulle die ewige lewe te gee, as die finale en volmaakte gawe van sy genade (vgl. Ridderbos, 1967:291).

### 4.3.5 Toespitsing op die verkondiging

Homileties

- Paraklese tot goeie werke sonder die prediking van God se ingrypende betoning van ontferming as grond van die paraklese lei tot moralisme.

Pastoraal

- Paraklese tot goeie werke op grond van God se verlossing moet pastoraal verreken word met 'n duidelike aanduiding van die toerusting tot goeie werke deur die Gees wat ryklik uitgestort is.
- Geloofsekerheid moet verbind word aan die Gees wat die sekerheid bied dat ons erfgename is "volgens die hoop van die (ewige) lewe".

## 5. SLOTSOM

In punt 2 van hierdie artikel is die probleemstelling wat ondersoek word na twee kante geformuleer, naamlik, enersyds wat die huidige stand van navorsing oor die funksionering van *indikatief* en *paraklese* in die teologie en veral ten opsigte van die verkondiging is. Die resultate op hierdie deel van die ondersoek is reeds in 3.5 gestel.

Andersyds is die fokus gerig op die voorkoms en funksionering van *indikatief, paraklese* en *belofte* in die Pastorale Briewe. As slotsom van die ondersoek word die volgende resultate as stellings neergelê:

### 5.1 Ten opsigte van die *indikatief-paraklese-belofte*

- Bogenoemde skema kom duidelik na vore in die Pastorale Briewe en moet verkies word bo die (onvolledige) skema *indikatief-imperatief* waarin nie voldoende ruimte gelaat word vir die belofte-aspek en ook nie vir die bemoedigende aspek in die verkondiging nie.
- Sonder uitsondering word die indikatiewe in die gedeeltes wat ondersoek is, in die aoristus gestel om die absoluut ingrypende, eens-en-vir-altyd karakter van die in-werking-tree van God se genade te beklemtoon.
- Die sentrale indikatief is wat God Drie-enig in Christus en deur die Heilige Gees in die verlossing van die mens doen.
- Die sentrale indikatief van wat God doen, rus op die "funderende" indikatief van Wie God is.
- Die indikatief van God se genade het nie net 'n reddende funksie nie, maar ook 'n opvoedende funksie.

### 5.2 Ten opsigte van die prediking

- In 'n preekteks moet die indikatiewe van Godsopenbaring, Christusopenbaring en Heilige Geesopenbaring verdiskonteer word.
- Nie net die skopus van 'n preekteks nie, maar ook die skopus en telos van die *indikatief-paraklese-belofte* binne 'n preekteks moet verreken word, anders mis die paraklese sy Godbedoelde gerigtheid.
- Die kernindikatief van alle verkondigingsgestaltes is die in-werking-treding van God se genade.

- Paraklese tot goeie werke, sonder die indikatief van God se ontferming, lei tot werkheiligheid.
- In die prediking moet aan die gemeente in die hede sekerheid oor die toekoms (erfgenaamskap) gebied word.

## 5.3 Ten opsigte van pastorale werk

- Indien skuld of sonde in pastorale begeleiding geminimaliseer word, "devalueer" dit God se genade-indikatief. Positief gestel: God betoon juis *al* sy barmhartigheid aan die *grootste* sondaar.
- Paraklese rus nooit in die persoonlike gesag van 'n bedienaar nie, maar in "die betroubare Woord" wat hy bring.
- By die paraklese tot goeie werke moet die toerustende werk van die Heilige Gees voorop staan.
- Om die paraklese te kan bedien, moet die bedienaar eers self buig voor God se paraklese.

## 5.4 Ten opsigte van die kategese

- In die kategetiese situasie moet God se reddende genade as sentrale indikatief nie net as verstandskennis onderrig word nie, maar ook as konkrete "opvoeding" hoe om in die werklikheid van elke dag te leef.

## 6. BIBLIOGRAFIE

BARRET, C.K. 1963. The pastoral epistles. Oxford : Clarendon.

BEKER, J.C. 1980. Paul the apostle. The triumph of God in life and thought. Philadelphia : Fortress.

BULTMAN, R. 1935. *eleos*. TWNT II. Stuttgart : Kohlhammer Verlag.

BURGER, C.W. 1974. Die pastorale teologie van Seward Hiltner. Stellenbosch. (Verhandeling (M.Th.) - US).

CALVYN, J. 1972. Uitlegging op de zendbrieven van Paulus aan Timotheus en Filemon. Goudriaan : De Groot. (Bewerk deur A.M. Donner).

COETZEE, J.C. 1983. Gedagtestruktuurontleding en basiese struktuurpatrone. Illustrasiemateriaal vanuit die Nuwe Testament. Potchefstroom : Teologiese Skool.

COETZEE, J.C. 1985. Drie wesenlike elemente van egte prediking: Indikatief, Imperatief en Belofte (*In* Van der Walt, J.J. *red*. God aan die Woord. Potchefstroom : Departement Diakoniologie, p. 17-28.)

COETZEE, J.C. 1989. Indikatief en paraklese in die preek aan die Hebreërs en die implikasies vir die prediking vandag, met toespitsing op Hebreërs as *woord van paraklese*, die teosentries-Christologiese fundering en die oproep tot volharding. (Referaat gelewer gedurende Julie 1989 tydens 'n Winterskoolkursus van die Fakulteit Teologie van die PU vir CHO.) (Ongepubliseer.)

FLOOR, L. 1974. Indikatief en Imperatief in die prediking. *In die Skriflig*, 7(29):7-20.

FURNISH, V.P. 1968. Theology and ethics in Paul. Nashville : Abingdon

FURNISH, V.P. 1972. The love command in the New Testament. London : SCM.

GUTHRIE, D. 1973. The pastoral epistles. London : Tyndale.

HIELEMA, J.S. 1975. Pastoral or christian counseling. A confrontation with American pastoral theology, in particular Seward Hiltner and Jay, E. Adams. Leeuwarden : De Tille

KELLY, J.N.D. 1968. A commentary on the pastoral epistles. London : Black.

LABUSCAGNE, G.C.P. 1981. Die indikatief en imperatief in die prediking. Potchefstroom. (Verhandeling (Th.M) - PU vir CHO.)

LADD, G.E. 1979. A theology of the New Testament. Grand Rapids : Eerdmans.

LATEGAN, B.C. 1984. Die Pauliniese etiek. (*In* Du Toit, A.B. *red.* Handleiding by die Nuwe Testament V. Pretoria : NG Kerkboekhandel, p. 320-331).

LOUW, J.P. 1978. Semantiek van die Nuwe Testamentiese Grieks. Pretoria : Beta.

LOUW, J.P. 1979. A semantic discourse analysis of Romans. Vol. II. Commentary. Pretoria : UP.

LOUW, J.P. & NIDA, E.A. 1988. *Parakaleo.* Greek English Lexicon of the New Testament based on semantic domains. Dele I en II. United Bible Societies.

MALHERBE, A.J. 1986. Moral exhortation, a Graeco-Roman Source-book. Philadelphia : Westminster Press.

ORTKEMPER, F.J. 1973. Leben aus dem Glauben. Indikativ und Imperativ bei Paulus und die kirchliche Moralpredigt heute. *Bibel und Kirche*, 28:85-89.

ORTKEMPER, F.J. 1980. Leben aus dem Glauben; Christliche Grundhaltungen nach Römer 12-13. Munster : Aschendorf.

RIDDERBOS, H.N. 1966. Paulus ontwerp van zijn theologie. Kampen : Kok.

RIDDERBOS, H.N. 1967. De pastorale brieven. Kampen : Kok.

RIENECKER, F. 1980. A linguistic key to the Greek New Testament. Vol. 2. Grand Rapids : Zondervan (Uit Duits vertaal deur C.C. Rogers jnr.).

SCHIERSE, F.J. 1968. Die Pastoralbriefe. Die Welt der Bibel. Klein Kommentaren zur Heilige Schrift. Düsseldorf : Patmos.

SCHMITZ, O. 1954. *parakalein*. TWNT 5.

SCHUTZ, E. 1969. Werdende Kirche im Neuen Testament. Eine Einführung in die Pastoralbriefe. Kassel : Oncken.

VAN DER WALT, J.J. 1985. Die primaat van die Woord (*In* Van der Walt, Jan.J. *red.* God aan die Woord. Potchefstroom : Departement Diakoniologie, p. 41-63.)